NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur                                                                                    100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

## AFDELING A LEESBEGRIP

**NB: Taal-en spelfoute word nie gepenaliseer nie. Vrae toets leerders se begripsvermoë. Volsinne moet egter nog sin maak om punte te kry.**

## VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

1.1 "na aan trane" (1)

1.2 1.2.1 Onwaar (1)
1.2.2 Lulu is 'n Malteser-Yorkie-kruis. (1)

1.3 Sy het nie die ander vrou se kontakbesonderhede of adres gehad nie./Die ander vrou het nie haar besonderhede gelos nie. (1)

1.4 1.4.1 Hulle het die kliënt se kontakbesonderhede (naam, adres, tel. nommer) in die boek neergeskryf. (1)
1.4.2 Sy was haastig/het te vinnig weggegaan. (1)

1.5 Lulu het 'n dodelike lewerprobleem/is siek. (1)

1.6 Die een hond het steke op die maag en die ander een nie. (NB: nie Lulu nie!) (1)

1.7
- Om Lulu op te spoor.
- Om die vrou bewus te maak van Lulu se lewerprobleem.
- Om die vrou bewus te maak dat sy die verkeerde hond het.

(Enige een.) (1)

1.8 Sy ken nie haar hond/troeteldier baie goed nie. Dat sy nie 'n hegte band met haar troeteldiere vorm nie. Sy is nie oplettend nie. Lulu is dalk dood. Sy was nie die werklike eienaar nie. Sy het geen sosiale media nie. Sy is nalatig. (Iets soortgelyks) (1)

1.9 Die naam van die salon is "**Lucky Dogs**", maar Lulu **was nie 'n gelukkige hond nie** (want sy is aan iemand anders gegee i.p.v. haar eienaar). (2)

**[12]**

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE

2.1 2.1.1 Onwaar (1)
2.1.2 "Geldig van 1 Nov.–19 Des. 2014 en 8 Jan.–28 Feb. 2015" (1)

2.2 B die tyd wanneer die son ondergaan. (1)

2.3 sweefspoor/kajuit/kabelkar/kabelkarretjie/kar/karretjie (Enige een) (1)

2.4 Insig antwoord: enige sinvolle verklaring moet korrek wees.
Byvoorbeeld:
Dit is nog nie/nie meer hulle hoogseisoen nie en hulle wil mense lok.
Daar is min daglig oor om die uitsig te geniet; dus verminder hulle die prys.
Plaaslike inwoners kan dan ook bekostig om hierdie toeriste-aantreklikheid te geniet. (Enige soortgelyke antwoord) (1)

IEB Copyright © 2016

2.5
- Ouers moet bewys dat die kinders tussen 4–17 jaar oud is.
- Om seker te maak dat daar nie 'n kullery met die koop van kaartjies is nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.6 Facebook en Twitter (2)

2.7 logo/handelsmerk/kenteken/embleem (1)

**[9]**

**VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – BERIG EN SPOTPRENT**

3.1 C platejoggie (1)

3.2 Sy dra 'n bril. Nie 'brille' nie! (1)

3.3
- Ouma sou nie geweier het nie./Ouma sou beslis ja gesê het.
- Dit was baie makliker om sy ouma as 'n ander metgesel na sy matriekafskeid te vra.
- Hulle oumas het al so baie vir hulle beteken en vir hulle gedoen.
- Dit sal baie spesiaal vir hulle oumas wees.

(Enige twee of soortgelyk) (2)

3.4 Hy het oorfone op sy kop. (1)

3.5
- Sy glimlag/lag.
- Haar oë is toe.
- Sy gooi haar hande in die lug.
- Sy swaai haar lyf/dans.

(Enige twee of soortgelyk) (2)

3.6 Ja, hulle kleredrag pas by hulle ouderdom.
**OF**
Nee, dit is 'n matriekdans en gewoonlik is die dames se kleredrag meer byderwets/modern./Sy het nie formele aanddreg aan nie.
(Enige goeie/sinvolle motivering is korrek. Onthou: punt is vir die rede.) (1)

3.7 Dat die seun te skaam/sleg/bang/lafhartig is om 'n meisie uit te vra.
**OF**
Dat hy nie die selfvertroue het om 'n meisie uit te vra nie. (1)

**[9]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2016

## AFDELING B OPSOMMING

**NB: Taal-en spelfoute word nie gepenaliseer nie. Vrae toets leerders se vermoë om te kan opsom. Volsinne moet egter nog sin maak om punte te kry.**

### VRAAG 4

1. Gebruik 'n aanbly-opknapper, want dit hou jou hare deurlopend vogtig (totdat jy dit weer was). (2)

2. Daar is maskers wat hare kan voed/die hare se algehele toestand verbeter.

   **OF**

   Daar is maskers wat unieke kwessies soos gebreekte hare, min vog en vaal kleur kan takel. (2)

3. Gebruik 'n goeie haarolie om jou hare te voed/laat blink. (2)

4. Gebruik 'n droë sjampoe wat olie absorbeer en jou hare skoner laat lyk.

   **OF**

   Gebruik 'n droë sjampoe wat help om jou wortels dikker te laat lyk. (2)

5. Gebruik serums, want dit bevat silikon wat jou kutikels bedek en jou hare glad laat lyk.

   **OF**

   Gebruik serums, want dit beskerm jou hare en gee dit 'n glansende voorkoms. (2)

**[10]**

**Getal woorde:** Opsie 1 = 70/Opsie 2 = 78

**ONTHOU:**

**Die volgende moet in ag geneem word tydens nasien:**

- Elke punt/sin tel twee punte. Een punt vir die produkte en een punt vir die voordeel wat dit inhou. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word een punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Slegs een feit per punt word aanvaar (of soos in die instruksies uiteengesit).
- Kommas en voegwoorde mag gebruik word.
- Indien al vyf sinne foutloos is, behaal die kandidaat tien uit tien.
- - ½ vir elke direkte aanhaling (maks -2 ½ ).
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie.
- "'n" en "die" tel as deel van die woordtelling.

**Formaatfoute word eenmalig met een punt gepenaliseer**. Die volgende val onder hierdie kategorie:

- - 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie
- - ½ vir elke direkte aanhaling
- - 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is
- - ½ as die aantal woorde nie korrek neergeskryf is nie
- beplanning MOET doodgetrek word

**30 punte**

IEB Copyright © 2016

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: Die kind wat ...

5.1 Dit was **die kind wat** (onskuldig deur Dina Rodrigues) **vermoor is.** (1)

5.2 5.2.1 Dit maak die **konneksie met die pers ('n koerantberig)**. (Iets soortgelyks). (1)
5.2.2 Want **dit was sensasionele nuus** wat aanleiding tot die gedig gegee het./ Die besonderhede van hierdie moord was **vir 'n lang ruk die hoofnuus** van hierdie tydperk./ Dit dui die plek aan waar die moord plaasgevind het. (Iets soortgelyks). (1)

5.3 "hoofberig” (direkte aanhalings moet korrek gespel wees)

5.4 "kry berading" (direkte aanhalings moet korrek gespel wees)

5.5 D eufemisme (1)

5.6 (Ingrid Jonker se gedig) "Die Kind ..." (1)

5.7 "as l**e**m en n**e**k m**e**kaar ontmoet"
"h**ui**swerker lig haar v**ui**ste"
(omdat instruksie ontbreek het, het ons antwoord aanvaar as dit nie onderstreep was nie) (1)

5.8 Dit beklemtoon die feit dat **almal** oor hierdie vreeslike insident gepraat het. (1)

5.9 Dit beklemtoon die feit dat die weerlose kind **nie 'n kans teen die moordenaars gestaan het nie/nie 'n kans in die lewe gekry het nie**./hulpeloos....
**OF**
Dit weerspieël die strofebou van die interteks/die gedig "Die Kind". (1)
**[10]**

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: Touloper

6.1 Dit verwys na familielede (ouers) wat die heeltyd met mekaar/met die spreker baklei/argumenteer/in konflik is. (1)

6.2 6.2.1 Onwaar (1)
6.2.2 "weer" (1)

6.3 Dit is die **direkte woorde** van die spreker se ouers **wat (mekaar) (hom/haar) uittrap/ afbreek/verneder** wat aangehaal word. (2)

6.4 B alliterasie (1)

6.5 Die "kollig" dui aan dat die spreker die heeltyd aanskou/dopgehou word. Die feit dat die spreker alles moet "balanseer" dui ook aan dat dit moeilik is.
Om aandag te trek dat die ouers sien hoe dit hom affekteer.
(Iets soortgelyks) (2)

6.6 6.6.1 (Die) tuinhek (is sy bestemming). (1)
6.6.2 Dit simboliseer die spreker se vryheid/ontsnapping van die "storms". (1)
**[10]**

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: Technokind

7.1 7.1.1 AABB
7.1.2 Paarrym (2)

7.2 Kinders wat in tegnologie belangstel (en baie tyd daaraan bestee). (Iets soortgelyks) (1)

7.3 pret (1)

7.4 Moontlike antwoorde:
Die kinders raak verslaaf aan die speletjies en hulle kan hulleself nie wegskeur van die speletjies nie.
Hulle voel hulle moet dit elke dag speel om hulle drang te bevredig.
(Enige twee sinvolle redes wat by inhoud inpas moet oorweeg word.) (2)

7.5 A Elke middag (1)

7.6 Dit verwys **na die videospeletjies/skerm/virtuele wêreld** (wat die kind speel). (1)

7.7 "Die vuiste vlieg, hy moet die vyand verslaan"
"druk 'n knop of draai die wieletjies"
(moet hele versreël wees) (1)

7.8 Dit bevorder **geweld**./Sy speelwêreld word vol geweld.
(Moenie net reël 12 aanhaal nie!) (1)
**[10]**

**30 punte**

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 Die onderwyser het 'n week gelede gesê dat **hulle/ons** die werk **netjies moes (ge)doen (het)**. (1)

8.2 Verlede Vrydag **het** meneer Smit **(gestaan en praat)** met die studente in sy klas (**gestaan en praat)**. (1)

8.3 Stoor julle werk, want julle **kan** more daarmee aangaan. (1)

8.4 'n Interessante les **is** elke aand **deur** meneer Smit **beplan**. (1)

8.5 Nee, Jannie het **nog nooit** die regte ding in die klas gedoen **nie.** (1)

8.6 Die student wat rekenaarspeletjies **speel**, **sit** agter in die klas.
Die student wat agter in die klas sit, speel rekenaarspeletjies. (1)

8.7 Jannie vra: "Kan **ek** (weer) in die volgende les (weer) **my** speletjie (weer) speel?" (1)

8.8 Al probeer meneer Smit vir Jannie iets leer, wil Jannie/hy nie konsentreer nie.
Al wil Jannie nie konsentreer nie, probeer meneer Smit vir hom/Jannie iets leer. (1)

8.9 Studente behoort altyd in die klas **te werk**. (1)

8.10 Jannie sit agter in die klas om rekenaarspeletjies **te speel**. (1)

8.11 Nou **stap** meneer Smit na Jannie toe en **skakel** sy rekenaar **af**. (2)
**[12]**

**ONTHOU:**

- Die hele sin moet korrek wees om die punt te verdien.
- Spelling word onderstreep, maar word nie gepenaliseer nie.

IEB Copyright © 2016 

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

9.1 troeteldiere
9.2 meer
9.3 soggens/smôrens
9.4 daarvan
9.5 aan
9.6 vriendin
9.7 uitputtende
9.8 geliefde
9.9 tuis
9.10 toom
9.11 haat/verpes
9.12 as gevolg van
9.13 agtuur/aguur
9.14 saans
9.15 leiband/halsband/band
9.16 wy

**[16 × ½ = 8]**

**ONTHOU:**

- Spelling moet korrek wees.
- Indien die woorde wat aangebied word met hoofletters begin, is dit steeds korrek.

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

**Hierdie antwoorde dien slegs as riglyne. Enige iets soortgelyks kan korrek wees.**

10.1 Kyk na my en glimlag, asseblief. Ek wil 'n foto neem en aan ... stuur. (15 woorde) (2)

10.2 Ek kan nie langer wag nie. Sal jy asseblief nou met my kom sokker speel? (15 woorde) (2)

10.3 Ek wil regtig nie nou sokker speel nie. Ek wil my kos klaar eet en eers 'n bietjie gesels. (19 woorde) (2)

10.4 Ai, ek het so baie werk. Ek sal myself vroeg moet verskoon om dit klaar te gaan maak. (18 woorde) (2)

10.5 Baie dankie dat julle almal my so tuis laat voel. Dit is wonderlik om saam met julle te wees. (19 woorde) (2)

**[10]**

**ONTHOU:**

Antwoorde moet betrekking hê op wat gevra word en moet toepaslik wees vir visuele teks.

- 1 punt vir **taal** (–½ per taalfout; spelling word onderstreep, maar nie gepenaliseer nie).
- 1 punt vir **inhoud** wat raak is.
- Trek net – ½ af vir minder as 13 of meer as 22 woorde.

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2016